



GIMMIE-NUUS



LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos admin@lgim.co.za Web: www.langenhovengim.co.za

UITGAWE 26/2021

GIMMIES VIR UITNEMENDHEID

23 September 2021

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers, Personeel en Leerlinge

Ons het die afgelope paar jaar met al ons leerlinge voor Erfenisdag onder die bome gebräai. Ek is nie bewus van ander skole wat 'n soortgelyke inisiatief probeer nie. Die rede is waarskynlik versigtigheid wat tydens so 'n geleentheid alles kan gebeur. Gimmies kon dit redelik maklik regkry, 'n paar periodes, braai en weer skool daarna en later huis toe gaan. Ons gaan dit weer doen, daar is tans net te veel risiko's, aangesien dit knor om sosiale afstande langs 'n braaivleisvuur te handhaaf.

Ek deel graag hierdie week die gedagte van 'n vriend van ons skool, Johan Smit, se boodskap. Ook aangenaam om die boodskap van 'n ander skrywer te hoor. Die tema is integriteit.

"In my laerskooljare (eendag lank, lank gelede), was ek 'n Voortrekker – 'n beweging waar ek geleer het dat "n Voortrekker se woord is sy eer." Ek het nie daardie tyd naastenby verstaan wat dit beteken nie. Vandag weet ek alte goed omdat mense wie "se woord hulle eer is" baie skaars is. In kort is dit hoe 'n mens integriteit kan definieer. Jy hou by jou woord, beloftes en ondernemings. Jy kan nie 'n verwagting skep en dan, soos dit jou pas, dit nie nakom nie.

Integriteit het alles te doen met om te doen wat jy gesê het. Ja, jy kan iets onderneem en iets sê en jou omstandighede kan daarna drasties verander. Dis juis dan wat integriteit inskop. Dis dan wat jy bereid moet wees om op te offer en by jou woord te hou ten spyte van moeilike

*omstandighede. Dis waaraan ware vriende gemeet moet word: **INTEGRITEIT.***

Dag Hammarskjöld het die volgende oor integriteit gesê:

Jy hoef nie groot en buitengewone prestasies te lewer om die respek van mense te wen nie. As jy iemand is wat absoluut vertrou kan word; as mense weet wanneer jy 'n ding gesê het, dan is dit so; as dit bekend is dat jy die beloftes wat jy maak, uitvoer – kortom dat jy binne-in is wat jy na buite voorgee om te wees, dan sal jy meer mense verstom en beïndruk as baie van die eendagwonders wat die hoofberigte van die media haal.

Psalm 15: 2-3 beskryf integriteit baie raak:

"Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is, wat met sy hele hart die waarheid praat, nie kwaad praat nie, sy medemens nie kwaad aandoen nie en niemand beledig nie."

Dit is 'n baie raak beskrywing van iemand wat staan vir die waarheid en nooit sy rug op 'n vriend sal draai nie, al het omstandighede verander en vra die vriendskap opoffering. Dis 'n beskrywing van iemand wat nie iemand anders in die rug sal steek nie. Verseker is niemand perfek nie. Verseker maak ons almal foute en val ons dat ons tandê klap, maar integriteit in jou lewe is die een ding waarvoor jy moet veg en iets wat jy met jou hele wese moet najaag en nastreef.

Volgende week is 'n normale week van skool. Ons verwag van elke leerling om die skool by te woon. Ouers, sou die skool destyds, toe ek

en julle op skool was, dit moes vra? Sou julle en julle ouers geweet het dat dit nie anders sou wees nie? Ja, daar was ook stokkiedraaiers, het julle hulle geken? Ons gaan voort met akademiese onderrig, ons het juis die toetsreeks vroeër beëindig sodat die leerlinge 'n bietjie kan asemskip voor die welkome vakansie, asook die personeel die geleentheid te gee om die minimum nasienwerk tydens die vakansie te hê. Jongmense, dit is mos 'n billike reëling.

Geniet die ekstra dag toegevoeg aan die naweek. Manne, was asseblief al die voertuie; meisies, vra vir julle ouers wat julle in die huis kan doen om dit vir julle ouers makliker te maak. Wees 'n inspirasie vir mekaar.

Sommer 'n paar aanhalings wat betekenis inhou:

- Kinders soek waardes met 'n vel om.
- Ons maak 'n bestaan deur wat ons ontvang. Ons maak 'n lewe deur wat ons gee (Winston Churchill)
- Tussen sê en doen word baie pare skoene deurgeloop (Italiaanse spreuk)
- Die lewe is baie soos tennis – die een wat die beste dien, verloor selde
- Mislukking is nie die teenoorgestelde van sukses nie. Dit is deel van sukses.

Geniet julle naweek.

Vriendelike groete.

Stephanus Potgieter

1. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 24 September: Dag 6

Me. E. Niehaus verjaar

Me. A. van Wyk verjaar

Erfenisdag/Publieke vakansiedag

Saterdag 25 September:

Me. S. Botha verjaar

Maandag 27 September: Dag 1

Eerste krieket teen Curro Durbanville

Dinsdag 28 September: Dag 2

Toetsreeks eindig gr. 8 tot 11

Woensdag 29 September: Dag 3

Eerste krieket teen Curro Durbanville

Donderdag 30 September: Dag 4

Vrydag 1 Oktober:

Skool sluit om 10:00

2. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die week verjaar. Mag julle 'n wonderlike nuwe lewensjaar hê.

23 September: Jeremy Barnard

24 September: Dehan de Kock

Hardus Spies

25 September: Faith Redelinghuis

Hendrik de Jager

26 September: Anli Emmerich

27 September: Henno Zwiigelaar

JW Steenkamp

28 September: Amber Saaiman

30 September: Tamrin Pietersen

Aliyah Cremer

3. SKOOL- EN KOSHUISNOEPIE

Indien daar enige iemand is wat belangstel om in 2022 die bestuur van die skool- en/of koshuissnoepie oor te neem, moet u voor/op Donderdag 15 Oktober 2021 'n voorlegging by mev. Laubscher inhandig.

4. UITSLAE

ATLETIEK

Marlie Ellis het die afgelope naweek aan die Mosselbaai Worpe-byeenkoms deelgeneem en het die o/18-dogters wisseltrofee gewen. Baie geluk!

